

Kennisgewing van Een en Twintigste Algemene Jaarvergadering van BKB- aandeelhouders



BKB Beperk
Registrasienr.: 1998/012435/06

DIREKSIE

D C Louw (Voorsitter)#
W Edmayr (Besturende Direkteur)
G E J Kingwill (Ondervoorsitter)*#
M H Jonas*#
A S du Toit
C D Hobson*#
* *Onafhanklik*
Nie-Uitvoerend

E A Meyer*#
V Pillay*#
H C Staple*#
H J Swart*#
F P R van Wyk*#
J van Zyl#
* *Onafhanklik*
Nie-Uitvoerend

Posbus 2002
Noordeinde
PORT ELIZABETH
6056

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 62(1) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig ("**die Maatskappywet**") dat die Een en Twintigste Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy ("Algemene Jaarvergadering" of "AJV") op Woensdag 28 November 2018 om 15:00 by die BKB-gebou, Grahamstadweg 61, Port Elizabeth gehou word.

DOEL VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die doel van die Algemene Jaarvergadering is om die formele sake te hanteer wat op die agenda hieronder uiteengesit word.

AGENDA

- Voorlegging van die geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy, insluitende die vergoedingsverslag en die verslae van die direkteure en die audit- en risikokomitee vir die jaar geëindig 30 Junie 2018. Die verkorte jaarverslag, waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak, bevat die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en voormelde verslae ("**Verkorte Verslag**"). Die Verkorte Verslag is ook op BKB se webwerf by www.bkb.co.za vir aflaaibeskikbaar, of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die geregistreerde kantoor van BKB. BKB se volledige finansiële jaarstate kan ook gratis aangevra en persoonlik verkry word by die geregistreerde kantoor van BKB.
- Om die volgende gewone besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

GEWONE BESLUITE

1. HERAANSTELLING VAN EKSTERNE OUDITEUR

Gewone Besluit Nummer 1

Besluit dat die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Ing, wat onafhanklik van die Maatskappy is, soos benoem deur die audit- en risikokomitee van die Maatskappy, as die Maatskappy se eksterne ouditeur goedgekeur word. Dit word genotuleer dat mnr A Puggia die individuele geregistreerde ouditeur is wat die audit gedurende die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2019 sal onderneem.

Die rede vir gewone besluit nummer 1 is dat die Maatskappy, as 'n publieke maatskappy, sy finansiële resultate moet laat audit en sodanige ouditeur moet by elke Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy aangestel of heraangestel word, na gelang van die geval, soos die Maatskappywet vereis.

- 2. AANSTELLING / HERAANSTELLING VAN LEDE VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY**
Gewone Besluit Nommer 2
Besluit dat mnr H J Swart, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, hiermee as 'n lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2019 heraanstel word.
- 3. AANSTELLING / HERAANSTELLING VAN LEDE VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY**
Gewone Besluit Nommer 3
Besluit dat, onderworpe aan sy verkiesing of heraanstelling as 'n direkteur van die Maatskappy ingevolge Gewone Besluit Nommer 7, mnr E A Meyer, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy sal wees, hiermee as 'n lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2019 aangestel word.
- 4. AANSTELLING / HERAANSTELLING VAN LEDE VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY**
Gewone Besluit Nommer 4
Besluit dat, onderworpe aan sy verkiesing of heraanstelling as 'n direkteur van die maatskappy ingevolge Gewone Besluit Nommer 8, mnr H C Staple, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy sal wees, hiermee as 'n lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2019 aangestel word.
- 5. AANSTELLING / HERAANSTELLING VAN LEDE VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY**
Gewone Besluit Nommer 5
Besluit dat mnr F P R van Wyk, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, hiermee as 'n lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2019 aangestel word.

Die rede vir Gewone Besluit Nommers 2 tot en met 5 is dat die Maatskappy, as 'n publieke maatskappy, 'n auditkomitee moet aanstel, en die Maatskappywet vereis dat die lede van sodanige auditkomitee by elke Algemene Jaarvergadering van 'n maatskappy aangestel of heraanstel word, na gelang van die geval.

Addisionele inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommers 2 tot 5 (inklusief)

Die direkteure bedoel in Gewone Besluit Nommers 2 tot en met 5 het toepaslike akademiese kwalifikasies en/of ervaring op een of meer van die volgende gebiede: ekonomie, regte, korporatiewe bestuurtoesig, finansies, rekeningkunde, handel of nywerheid.

- 6. UITTREDE EN HERKIESING VAN DIREKTEURE**
Gewone Besluit Nommer 6
Besluit dat mnr D C Louw, wat volgens rotasie ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting ("Akte van Oprigting") uittree en herkiesbaar is en hom vir herkiesing beskikbaar stel, hiermee as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy herkies word vir 'n verdere termyn van een jaar.

Addisionele inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommer 7

By die vorige Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy is mnr D C Louw, die voorsitter van die direksie, as 'n nie-uitvoerende direkteur vir 'n termyn van een jaar herkies. Die direksie beveel die herkiesing van mnr D C Louw as 'n nie-uitvoerende direkteur vir 'n verdere termyn van een jaar ingevolge die bepaling van klousule 27.4.3.8 van die Akte van Oprigting aan.

7. UITTREDE EN HERKIESING VAN DIREKTEURE

Gewone Besluit Nommer 7

Besluit dat mnr E A Meyer, wat volgens rotasie ingevolge die Akte van Oprigting uittree en herkiesbaar is en hom vir herkiesing beskikbaar stel, hiermee as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy herkies word.

8. UITTREDE EN HERKIESING VAN DIREKTEURE

Gewone Besluit Nommer 8

Besluit dat mnr H C Staple, wat volgens rotasie ingevolge die Akte van Oprigting uittree en herkiesbaar is en hom vir herkiesing beskikbaar stel, hiermee as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy herkies word.

Addisionele inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommers 7 en 8

Klousule 27.4.3.1 van die Akte van Oprigting bepaal dat een derde van die Maatskappy se nie-uitvoerende direkteure moet uittree by elke Algemene Jaarvergadering. Bo en behalwe die uittrede en herkiesing van mnr D C Louw bedoel in Gewone Besluit Nommer 6, moet twee direkteure ingevolge klousule 27.4.3.7 van die Akte van Oprigting verkies word in die plek van mnre E A Meyer en H C Staple, wat by die Algemene Jaarvergadering uittree. Mnre Meyer en Staple, wat beide herkiesbaar is, was die enigste nominasies wat ontvang is om hierdie vakatures te vul.

9. BEVESTIGING VAN AANSTELLING VAN NUWE DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 9

Besluit dat die aanstelling van mnr M H Jonas as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy op grond van sy kundigheid en ervaring soos beoog in klousule 27.2.2.3 van die Akte van Oprigting, hiermee bevestig word ingevolge die bepalings van klousule 27.3.6 van die Akte van Oprigting.

10. BEVESTIGING VAN AANSTELLING VAN NUWE DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 10

Besluit dat die aanstelling van mnr V Pillay as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy op grond van sy kundigheid en ervaring soos beoog in klousule 27.2.2.3 van die Akte van Oprigting, hiermee bevestig word ingevolge die bepalings van klousule 27.3.6 van die Akte van Oprigting.

Addisionele inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommers 9 en 10

Na die laaste Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy, het die direksie mnre Jonas en Pillay as nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy aangestel op grond van hul kundigheid en ervaring, ingevolge die bevoegdheid aan die direksie verleen ingevolge klousule 27.3.6 van die Akte van Oprigting. Ingevolge klousule 27.3.6 van die Akte van Oprigting moet hierdie aanstellings by die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy deur aandeelhouders bevestig word.

11. ALGEMENE MAGTIGING OM AANDELE UIT TE REIK

Gewone Besluit Nommer 11

Besluit dat, ingevolge die bepalings van klousule 6.6.2 van die Akte van Oprigting, as 'n algemene magtiging, sodanige aantal gewone aandele in die gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy wat op die datum van die Algemene Jaarvergadering 30% van die uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy, minus een aandeel verteenwoordig, hiermee onder die beheer van die direksie van die Maatskappy geplaas word tot die volgende Algemene Jaarvergadering, welke aandele die direksie gemagtig is om uit te reik aan sodanige persone as wat die direksie mag goed ag en op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die direksie goeddink, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting en die Noteringsvereistes van 4 Africa Exchange Proprietary Limited ("4AX") (in soverre dit van toepassing is), en verder onderhewig aan die volgende bepalings:

- behalwe in soverre hierdie algemene magtiging by 'n algemene vergadering deur aandeelhouders herroep en/of gewysig word, is die algemene magtiging geldig tot die volgende Algemene Jaarvergadering;

- die algemene uitreiking van aandele ingevolge hierdie magtiging mag in totaal nie 30% van die uitgereikte aandeelkapitaal van die Maatskappy soos op die datum van die Algemene Jaarvergadering, minus een aandeel, oorskry nie;
- met die bepaling van die prys waarteen aandele ingevolge hierdie algemene magtiging uitgereik sal word, het die direkteure van BKB die nodige gesag om die prys te bepaal, met dien verstande dat sodanige prysbepaling in ooreenstemming met die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die Noteringsvereistes van 4AX is; en
- enige sodanige uitreiking sal slegs bestaan uit sekuriteite van 'n klas wat reeds uitgereik is of, indien dit nie die geval is nie, beperk word tot sodanige sekuriteite of regte wat omskep kan word in 'n klas wat reeds uitgereik is.

Addisionele inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nummer 11

Die rede vir en uitwerking van Gewone Besluit Nummer 11 is om die direksie in staat te stel om aandele uit te reik in omstandighede wat hulle raadsaam ag.

12. KWYTSKELDING VAN DIE VEREISTE DAT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE INLIGTING VAN DIE MAATSKAPPY DEUR DIE MAATSKAPPY SE EKSTERNE OUDITEUR NAGEGAAN MOET WORD

Gewone Besluit Nummer 12

Besluit dat, ooreenkomstig paragraaf 12.17.3 van die Noteringsvereistes van 4AX, as 'n algemene mandaat, aandeelhouers hiermee spesifiek die vereiste kwytsteld dat die tussentydse finansiële inligting van die Maatskappy vir die ses maande geëindig 31 Desember 2018 deur die Maatskappy se eksterne ouditeur nagegaan moet word, met aantekening dat die direksie se goedkeuring ten opsigte van voormelde tussentydse finansiële inligting voldoende is.

Rede vir Gewone Besluit Nummer 12:

Ingevolge die Noteringsvereistes van 4AX moet uitreikers wat op 4AX genoteer is hul tussentydse finansiële inligting deur hul ouditeur laat nagaan, tensy aandeelhouers spesifiek sodanige vereiste kwytsteld deur 'n gewone besluit by die Algemene Jaarvergadering aan te neem.

- Om die volgende spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

SPESIALE BESLUIE

13. GOEDKEURING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE SE VERGOEDING – 2018/2019

Spesiale Besluit Nummer 1

Besluit dat, ooreenkomstig artikel 66(9) van die Maatskappywet, die volgende fooie goedgekeur word as die grondslag vir die berekening van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2019:

	Voorgestelde Fooi vir die jaar eindigende 30 Junie 2018
Voorsitter van direksie	R660 000
Ondervoorsitter van die direksie	R350 000
Direkteure en audit- en risikokomitee-lede	R240 000
Direkteure en menslike hulpbronne- en sosiale, etiese en volhoubaarheidskomitee-lede	R220 000
Direkteure wat nie komitee-lede is nie	R200 000
Voorsitter van audit- en risikokomitee	R350 000

Addisionele inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nommer 1

Die rede vir en uitwerking van Spesiale Besluit Nommer 1 is om die grondslag vir die berekening van die vergoeding betaalbaar deur die Maatskappy aan sy nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die jaar eindigende 30 Junie 2019 goed te keur. Die fooie betaalbaar aan die nie-uitvoerende direkteure word bereken op 'n jaarlikse fooigrondslag.

14. ALGEMENE MAGTIGING OM FINANSIËLE BYSTAND TE VERLEEN AAN VERWANTE EN ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPYE EN KORPORASIES

Spesiale Besluit Nommer 2

Besluit dat, die Maatskappy se raad hierdeur gemagtig word en is ingevolge artikel 45 (3)(a)(ii) as 'n algemene goedkeuring wat vir 'n periode van twee jaar van die datum van aanvaarding van hierdie spesiale besluit nommer 2 in plek sal wees om die Maatskappy te magtig om enige direkte of indirekte finansiële bystand ("**finansiële bystand**") sal dieselfde betekenis hierin verleen word as wat aan sodanige term toegeken word in artikel 45(1) van die Maatskappywet) te verleen aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies ("**verwante**" en "**onderling verwante**" sal dieselfde betekenis hierin verleen word as wat aan hierdie terme toegeskryf word in artikel 2 van die die Maatskappywet) en/of aan enige een of meer lede van sodanige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie en/of aan enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie, volgens sodanige bepalings en voorwaardes as wat die direksie, of enige een of meer persone wat van tyd tot tyd deur die direksie vir sodanige doel gemagtig word, goeddink, met dien verstande dat enige sodanige finansiële bystand nie in totaal 'n bedrag van R950 000 000 in enige finansiële jaar oorskry nie.

Addisionele inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nommer 2

Die rede vir hierdie spesiale besluit is om aan die direksie die gesag te verleen om die Maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sodanige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie en/of aan enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie. In die omstandighede en om onder meer te verseker dat die Maatskappy se filiale en ander verwante en onderling verwante maatskappye en korporasies toegang het tot finansiering en/of finansiële bystand deur die Maatskappy (in plaas van slegs banke en ander derdeparty-finansierders), is dit nodig om hierdie goedkeuring by aandeelhouers te verkry.

Indien die Maatskappy finansiële bystand aan sy filiaalmaatskappye verleen in die vorm van lenings, sal die Maatskappy se solvensie nie benadeel word nie, aangesien die Maatskappy 'n bate in sy boeke sal toon vir die ekwivalente bedrag wat dan deur daardie filiaal verskuldig is.

Kennisgewing aan aandeelhouers van die Maatskappy ingevolge artikel 45(5) van die Maatskappywet van 'n besluit aangeneem deur die direksie wat die Maatskappy magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen.

- Teen die tyd dat hierdie kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering aan aandeelhouers afgelewer word, sal die direksie 'n besluit aangeneem het ("**Artikel 45 Direksiebesluit**") wat die Maatskappy magtig om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die periode wat begin op die datum waarop Spesiale Besluit Nommer 2 aangeneem word tot en met die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie en/of enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie te verleen, met dien verstande dat sodanige finansiële bystand nie in totaal in enige finansiële jaar 'n bedrag van R950 000 000 oorskry nie.

- Die Artikel 45 Direksiebesluit sal slegs van krag word indien en in soverre Spesiale Besluit Nommer 2 deur die aandeelhouers aangeneem word en die verlening van enige sodanige direkte of indirekte finansiële bystand deur die Maatskappy, na aanleiding van sodanige besluit, sal altyd onderhewig wees daaraan dat die direksie tevrede is dat: (i) onmiddellik na die verlening van sodanige finansiële bystand, die Maatskappy sal voldoen aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet; en (ii) die bepalings waarkragtens sodanige finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die Maatskappy is soos bedoel in artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet.
- In soverre die Artikel 45 Direksiebesluit beoog dat sodanige finansiële bystand in totaal een tiende van een persent van die Maatskappy se netto waarde soos op die datum van aanvaarding van die besluit sal oorskry, gee die Maatskappy hiermee kennis van die Artikel 45 Direksiebesluit aan aandeelhouers. Sodanige kennisgewing sal ook gegee word aan enige vakbond wat werknemers van die Maatskappy verteenwoordig.

15. FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE INSKRYWING OP EN/OF KOOP VAN AANDELE IN DIE MAATSKAPPY OF 'N VERWANTE OF ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPY

Spesiale Besluit Nommer 3

Besluit dat, ingevolge artikel 44(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, as 'n algemene goedkeuring, die direksie van die Maatskappy hiermee gemagtig word om goed te keur dat die Maatskappy enige direkte of indirekte finansiële bystand ("**finansiële bystand**" het hierin die betekenis wat in artikel 44(1) van die Maatskappywet aan sodanige term toegeken word) wat die direksie van die Maatskappy verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy ("**verwant**" of "**onderling verwant**" het hierin die betekenis wat in artikel 2 van die Maatskappywet aan sodanige terme toegeken word) en/of enige finansier wat befondsing verskaf deur in te skryf op voorkeuraandele of ander sekuriteite in die Maatskappy of enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy, volgens die bepalings en voorwaardes en teen bedrae wat die direksie van die Maatskappy kan bepaal vir die doeleindes van of in verband met die inskrywing op enige opsie, of enige aandele of sekuriteite, uitgereik of wat uitgereik staan te word deur die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of vir die koop van enige aandele of sekuriteite van die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, met dien verstande dat voormelde goedkeuring geldig bly tot die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy.

Addisionele inligting ten opsigte van Spesiale Besluit Nommer 3

Die rede vir en uitwerking van Spesiale Besluit Nommer 3 is om aan die direkteure magtiging te gee, tot die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy, om finansiële bystand te verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy, en/of enige finansier vir die doeleindes van of in verband met die inskrywing op of koop van opsies, of aandele of ander sekuriteite in die Maatskappy of enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie. Dit beteken dat die Maatskappy onder meer gemagtig word om lenings aan sy filiale toe te staan en sekuriteit vir die skuld van sy filiale te waarborg en te verskaf waar sodanige finansiële bystand direk of indirek verband hou met 'n party wat op opsies, aandele of sekuriteite in die Maatskappy of sy filiale inskryf.

'n Tipiese voorbeeld van waar die Maatskappy op hierdie gesag kan staatmaak, is waar 'n filiaal fondse verkry het deur voorkeuraandele uit te reik en die derdeparty-befondser vereis dat die Maatskappy by wyse van 'n waarborg of andersins sekuriteit verskaf ten opsigte van die verpligtinge wat sy filiaal teenoor die derdeparty-befondser het voortspruitend uit die uitreiking van die voorkeuraandele. Die Maatskappy het geen onmiddellike planne om hierdie gesag uit te oefen nie en verkry dit bloot in belang van omsigtigheid en goeie korporatiewe bestuurstoesig indien die onvoorsiene behoefte ontstaan om die gesag uit te oefen.

16. TERUGKOPE VAN AANDELE DEUR BKB EN SY FILIALE

Spesiale Besluit Nommer 4

Spesiale besluit dat die Maatskappy en die filiale van die Maatskappy hiermee gemagtig word, as 'n algemene magtiging, om enige van die aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is terug te koop volgens sodanige bepalings en voorwaardes en teen sodanige bedrae as wat die direkteure van tyd tot tyd kan bepaal, maar onderhewig aan die bepalings van artikels 46 en 48 van die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die Noteringsvereistes van 4AX (in soverre dit van toepassing is), onder meer insluitende dat:

- die algemene terugkoop van die aandele slegs deur die bestelboek wat deur die 4AX-verhandelingsstelsel gebruik word, mag plaasvind en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en die teenparty;
- hierdie algemene magtiging slegs geldig is tot die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy, tensy dit by 'n algemene vergadering deur aandeelhouers herroep en/of gewysig word;
- die algemene magtiging om aandele terug te koop beperk word tot maksimum 5% in totaal, in enige enkele finansiële jaar, van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal op die tydstip wat die magtiging toegestaan word, tot die mate wat die terugkoop deur die Maatskappy onderneem word en beperk word tot maksimum 10% in totaal, in enige enkele finansiële jaar, van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal op die tydstip wat die magtiging toegestaan word, tot die mate wat die terugkoop deur filiale van die Maatskappy onderneem word;
- 'n besluit deur die direksie aangeneem is wat die terugkoop goedkeur, dat die Maatskappy en sy filiale ("**die BKB-Groep**") die solvensie- en likiditeitstoets soos omskryf in die Maatskappy geslaag het en dat daar, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, geen wesenlike veranderings in die BKB-Groep se finansiële posisie was nie;
- die algemene terugkoop deur die Akte van Oprigting gemagtig word;
- met betrekking tot die prys waarteen 'n algemene terugkoop van aandele in werking gestel sal word, die direksie van BKB die nodige gesag het om sodanige prys te bepaal; en
- die Maatskappy op enige tydstip slegs een agent kan aanstel om 'n terugkoop/terugkope namens die Maatskappy aan te gaan.

Addisionele inligting ten opsigte van Spesiale Besluit Nommer 4:

Die rede vir en uitwerking van Spesiale Besluit Nommer 4 is om ingevolge Akte van Oprigting en die Noteringsvereistes van 4AX aan die direkteure 'n algemene magtiging te verleen vir die terugkoop deur die Maatskappy of deur 'n filiaal van die Maatskappy van aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, op die grondslag wat in Spesiale Besluit Nommer 4 weerspieël word.

Die Maatskappy het geen onmiddellike planne om hierdie gesag uit te oefen nie en verkry dit bloot in belang van omsigtigheid en goeie korporatiewe bestuurstoets indien die onvoorsiene behoefte ontstaan om die gesag uit te oefen. Ingevolge artikel 48(2)(b)(i) van die Maatskappywet mag filiale nie meer as 10% in totaal van die uitgereikte aandele van 'n maatskappy besit nie.

Om twyfel uit die weg te ruim, sal 'n proporsionele terugkoop deur die Maatskappy vanaf al sy aandeelhouers nie aandeelhouer goedkeuring vereis nie, behalwe in soverre dit deur die Maatskappywet vereis kan word.

17. OM ENIGE ANDER BESIGHEID TE ONDERNEEM WAT BY 'N ALGEMENE JAARVERGADERING ONDERNEEM KAN WORD OF DEUR AANDEELHOERS GEOPPER KAN WORD, MET OF SONDER VOORAF KENNISGEWING AAN DIE MAATSKAPPY

REKORDDATUMS

Rekorddatum van Kennisgewing

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet waarop aandeelhouders in die sekuriteiteregister van die Maatskappy geregistreer moet wees ten einde kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering te ontvang, is 26 Oktober 2018.

Rekorddatum vir Stemming

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet waarop aandeelhouders in die sekuriteiteregister van die Maatskappy geregistreer moet wees ten einde die Algemene Jaarvergadering by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem, is 23 November 2018.

GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUITE

Gewone Besluite

Die Gewone Besluite vervat in hierdie kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vereis goedkeuring deur meer as 50% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouders wat teenwoordig is of by volmag op die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig word, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting.

Spesiale Besluite

Die Spesiale Besluite vervat in hierdie kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vereis goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouders wat teenwoordig is of by volmag op die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig word, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting.

BYWONING EN STEMMING DEUR AANDEELHOUDERS OF GEVOLMAGTIGDES

Enige aandeelhouer is geregtig om 'n gevolmagtigde(s) aan te stel om die Algemene Jaarvergadering namens hom/haar by te woon, daarop te praat en te stem. Die persoon aldus aangestel hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie. Volmagtvorms moet aan die Maatskappysekretaris gestuur word om deur haar ontvang te word teen nie later nie as 15:00 op Maandag **26 November 2018**. Enige volmagtvorm wat nie teen hierdie tyd aan die Maatskappysekretaris gelewer is nie, kan aan die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering oorhandig word op enige tydstip voordat die aangestelde volmaghouer enige van die aandeelhoudersregte op die Algemene Vergadering uitoefen.

By stemming deur die opsteek van hande, het elke aandeelhouer van die Maatskappy persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur 'n gevolmagtigde slegs een stem. By stemming per stembrief, het elke aandeelhouer van die Maatskappy een stem vir elke aandeel wat sodanige aandeelhouer in die Maatskappy besit.

BEWYS VAN IDENTIFIKASIE VEREIS

Die Maatskappywet vereis dat enige aandeelhouer of gevolmagtigde wat van voorneme is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daaraan deel te neem, redelik voldoende identifikasie by die vergadering moet kan voorlê om die vergadering te kan bywoon en daaraan deel te neem. 'n Groen identiteitsdokument of 'n identiteitslimkaart uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake, 'n bestuurderslisensie of 'n geldige paspoort sal as voldoende identifikasie aanvaar word.

ELEKTRONIESE DEELNAME AAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Aandehouers het die reg om by wyse van elektroniese kommunikasie deel te neem. Aandehouers of hul gevolmagtigdes wat by wyse van elektroniese kommunikasie wil deelneem, moet by die Maatskappysekretaris aansoek doen by jo.oosthuizen@bkb.co.za of faksnommer: 086 673 7309, deur 'n aansoekvorm te gebruik wat by die Maatskappy se geregistreerde kantoor verkry kan word, asook op BKB se webwerf by www.bkb.co.za by die skakel *Share Trading*. Die aansoek moet voor of op 23 November 2018 om 08:00 ontvang word.

Aandehouers mag nie elektronies stem nie en moet die bygaande volmagvorm vir hierdie doel gebruik indien hulle nie die AJV kan bywoon om persoonlik daarop te stem nie. Aandehouers sal voor die AJV per e-pos of SMS ingelig word oor die toepaslike telefoonnommer en kode om in te skakel.

Die Maatskappy sal die koste dra om die elektroniese kommunikasie op te stel, terwyl die koste van die aandeelhouer se inskakeling vir sy/haar eie rekening sal wees.

OP LAS VAN DIE DIREKSIE VAN BKB.

Me J Oosthuizen
Maatskappysekretaris

Port Elizabeth
26 Oktober 2018